

5 Julie 2012

Jaargang 5 – Uitgawe 22

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk

www.nhka.org

Die Hervormer

www.hervormer.co.za

e-Hervormer

www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

VOORBLAD

Is jul karnaval ook 'n geloofservaring?

Basaar, karnaval, fees... Baie name, baie planne, een doel! Kom ons gebruik die term *karnaval* vir die doeleindes van hierdie artikel.

Wat is die prentjie wat in jou gedagtes opkom as jy die woord *karnaval* hoor? Tafels wat kreun onder die tonne vleis wat verwerk is, die mooiste naald- en breiwerk en geskenke, koeke, koekies en allerlei ander lekkernye, konfyte te kus en te keur, poedings (daar is mos maar niks so lekker soos 'n bakkie basaarpoeding nie), sosaties en potjiekos. Aan pret en ontspanning is daar ook geen einde nie. Die jongspan geniet gewoonlik die pretparke, perdry en spookhuise. Wat nog te sê van die tombolatafel – menige ma het al na afloop van die karnaval al die winste van haar kinders met dankbaarheid gebêre, want hul bydrae vir die tombolatafel vir die volgende jaar is verseker! Aktiwiteite soos kleiduifskiet, verfbal en kleilatgooi hou nie net vir Boetie nie maar ook vir Pappa besig. Eetgoed is natuurlik ook sinoniem met 'n karnaval – vetkoeke, pannekoeke, pap-en-kaiings is darem ook nie te versmaai nie.

Die vraag kan tereg gevra word of die gebeure tydens die karnaval dan werklik die hoogtepunt is. Ek twyfel. In Groot Marico maar so ook in enige gemeente van enige kerk dwarsoor die wêreld is daar 'n dinamika rondom die karnaval wat reeds etlike maande voor die dag van die karnaval begin ontvou.

Hier by ons begin die voorbereidings vir die karnaval somer vroeg reeds. Konfyte word gekook sodra die eerste vrugte aan die bome ryp is. Beeste word reeds maande voor die tyd belowe sodat dit van Januarie af afgerond kan word. Die susters deel idees en hou die tydskrifte dop om die nuutste modeneigings te kan volg. Daar word gejag die oomblik as die jagseisoen begin. Weke voor die tyd word koekies gebak en vleis bewerk. Moeë voete, seer rûe en krom skouers kan nie die opgewondenheid demp wat stadig maar seker begin opbou nie. Watter aangename ervaring om aan die einde van die dag te kan gaan sit met die wete dat ek gehelp het om die 15 beeste, 20 skape en 15 varke te verwerk!

Moeë voete, seer rûe en krom skouers kan ook nie die gevoel van samehorigheid, eensgesindheid, offervaardigheid, die wete dat elke lidmaat 'n gemeenskaplike doel wil bereik soos om die begroting te laat klop of dalk 'n kerkgebou of kerksaal te bou, en die gelag en geskerts demp nie.

Na die tyd, as die karnaval verby is, die terrein opgeruim is, die saal skoongemaak is en die fokus so 'n wyle weg van die karnaval verskuif word, is al wat onthou word dat die Here ons weer ryklik geseën het met dit wat ons nodig het. Die dankbaarheid teenoor almal vir elkeen se harde werk (al is daar so nou en dan ook maar vir mekaar gegrom) en goeie herinneringe aan lekker kuier saam met vriende en familie vorm deel van die herinneringe van die karnaval.

En dan die laaste vraag wat gevra moet word, want dit is ook die vraag waaroor rekenskap gegee moet word: Hoe en met watter gesindheid gaan ons dit wat die Here tot ons beskikking gestel het aanwend tot uitbou van sy koninkryk hier op aarde? Dis hier dat die hartklop van die karnaval lê! Mag jôu volgende karnavalervaring ook 'n geloofservaring wees.

**Willem en Elize Sauer
Groot Marico**

BEROEPE EN STANDPLASE


Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhka.org te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Prop Marissa Kidson** na Pretoria-Wes (deeltyds)
- **Ds Pieter le Roux** van Heidelberg na Vaalharts
- **Prop Pieter Steenkamp** na Kimberley (deeltyds)
- **Ds Werner Venter** van Schoemansdal na Hartebeeshoek

Beroep aanvaar

- **Prop Marissa Kidson** na Pretoria-Wes (deeltyds)



Prop Marissa Kidson Ds Pieter le Roux



Prop Pieter Steenkamp Ds Werner Venter

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by wouter@nhk.co.za gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Lidmate van gemeentes waar 'n kerkraad moontlik met meerderheidstem besluit het om kerklike eiendom te vervreem en andersins in stryd met die Kerkorde optree, se lidmaatskap van die Hervormde Kerk kan daardeur in die gedrang kom. Lidmate wat deel wil bly van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, word versoek om op een van die volgende maniere met die Kerk kontak te maak:

- **SMS jou naam, gemeente, kontaknommer en e-posadres na 074 406 6303 (slegs SMS'e, nie oproepe nie). Die Sinodale Kerkkantoor sal jou binne 7 dae kontak.**
- **Telefonies: Skakel mev Marié van Niekerk by 012 322 8885 x254.**
- **Stuur 'n e-pos na nhk@nhk.co.za.**
- **Kontak jou gemeente se konsulent, of 'n ander predikant in die ring. Hul inligting is op die Kerk se webblad beskikbaar by www.nhka.org (onder So werk ons / Predikante).**

Die Kerk sal hierdie inligting met groot sensitiviteit hanteer.

- **Mev Annatjie Botha**, weduwee van wyle ds Abel Botha, is op Dinsdag 3 Julie oorlede. Die dankdiens vind op Vrydag 6 Julie vanuit Gemeente Koedoesrand plaas, en word gelei deur emerituspredikant ds GJ (Gert) van Staden. Mev Botha was 31 jaar lank een van die Kerk se predikanteweduwees, en vir almal met wie haar pad gekruis het 'n bron van inspirasie, liefde en toewyding. Sy laat twee dogters en twee kleindogters agter. Die Kerk se meeewing gaan aan die familie.
- **Ds Marlize en Gordon Gasson** van Gemeente Benoryn se babaseun, Franco Adrioof, is op Woensdag 6 Junie gebore. Baie geluk!
- Die volgende **besluite** is geneem tydens die **Kommissie van die AKV** se vergadering op 7 en 8 Junie:
 - **Ds Herman Jansen van Rensburg** se aansoek om emeritaat op 30 Junie 2012 is goedgekeur.
 - **Ds Hennie la Grange** se aansoek om beroepbaar gestel te word vanaf 1 September 2012 met sy terugkeer na Suid-Afrika, is onvoorwaardelik goedgekeur.
 - **Dr Wim Dreyer** se benoeming as pastorale hulp vir **Gemeente Noordelike Pretoria** is goedgekeur.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 **OP DIE LAATSTE** na produksie@nhk.co.za gestuur word.



- o Die derde standplaas van **Gemeente Montana** kan slegs opgehef word indien die handeling van die kerkraadsvergadering deur die Ringskommissie van Noordelike Pretoria skriftelik goedgekeur word.
- o Die volsorgstandplaas van **Gemeente Noordelike Pretoria** is opgehef, en toestemming is verleen om 'n predikant te benoem vir 'n besondere opdrag.
- o Die tweede standplaas van **Gemeente Wolmaransstad** is opgehef. Die ooreenkoms wat met die kerkraad bevestig is, is dat **ds Sonia van Wyk** ten volle versorg sal word tot einde September 2012, waarna sy 'n uitdienstredingspakket sal ontvang.
- o Die ooreenkoms tussen **ds Jan Grobler** en die **Kroonstad/Virginia-kombinasie** is hernu tot 31 Maart 2013. Ds Grobler kry toestemming om tot die ouderdom van 65 in die kombinasie te werk.
- o Die ooreenkoms tussen **ds Gert Beukes** en **Gemeente Breyten** is hernu tot 31 Maart 2013.



Ds Japie Coetzee

- Die skriba van Gemeente **Trichardtsfontein**, **Gert Helberg**, skryf soos volg: "Namens die gemeente wil ons dank uitspreek vir die toegewydheid waarmee **ds Japie Coetzee** die gemeente bygestaan het met die beroepsproses totdat ds Louw van der Linde op 17 Junie in ons gemeente bevestig is. Met tye het dit moeilik gegaan waar ons saam met ds Japie hartseer en dan weer die blydschap van genesing beleef het. Deur die genade van God is ons saam met hom daardeur. Niks was vir hom te groot of te klein nie. Oggende vroeg het hy al die pad van die stad af gery, nadat daar nie veel geslaap is nie na al die traumaberading deur die nag by die hospitale, om 9-uur vir ons die mooiste boodskappe te lewer, sommige met 'n lag en 'n traan daarby, en almal geraak in die diens. Ds Japie, voorspoed met die toegewyde werk wat jy vir jou medemens doen en die liefde vir God en die Kerk."



- Die **Philadelphia-fietstoer** het op Saterdag 30 Junie op 'n hoë noot in Pretoria afgeskop. By **Gemeente Kempton Park-Oos** is die studente hartlik ontvang. 'n Strawwe dag van fietstrap het op hulle gewag, waarna hulle by **Gemeente Drie Riviere-Oos** met groot omgee ontvang is. Die groep vertrek vanaf **Gemeente Vanderbijlpark-Suid** na Sasolburg, en doen aan by Parys, Welkom, Wolmaransstad, Klerksdorp, Potchefstroom en Krugersdorp. Hulle sal op Saterdag 14 Julie terug wees in Pretoria. Ons wens hulle alles van die beste toe met hierdie mooi poging.



- Die **MRCC** gemeente in **Mabopane** het pas 'n crèche begin. Tans sit die kinders nog op die vloer en word die vrywillige werkers nie vergoed nie. Enigiemand wat finansiële of met meubels of toebehore tot die projek wil bydra, kan in verbinding tree met ds **Modisaotsile Motloba**, by 012 322 8885 x262 of mrcc@nhk.co.za.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**

Baie bejaardes het soms behoefte om die teater of fliek te besoek of 'n sportwedstryd by te woon. Maak gerus 'n plan om af en toe 'n bejaarde by een van hierdie plekke uit te bring.

Gaan na www.diakens.co.za vir meer inligting oor bejaardesorg.

- **Bejaardes en gestremde persone in Pretoria:** Munisipale korting word toegestaan deur die *City of Tshwane*. Gaan na www.diakens.co.za en kyk regs by 'Warm brood' vir die aansoekvorm.

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Kruin** in Wilropark, Roodepoort, beskik oor 'n **vakature vir 'n musiekleier/orrelis**. Aansoeke word ingewag van toepaslik gekwalifiseerde



persone. Van die persoon word verwag om die gemeentesang met orrel te begelei, en aktief betrokke te wees by liturgiese beplanning binne die klassieke Reformatoriese erediens. Vergoeding is onderhandelbaar volgens die Kerk se orrelisvergoedingsriglyne en nodige ondervinding. Stuur 'n volledige CV met kontakbare verwysings **voor Donderdag 19 Julie** na nhkkruin@gmail.com. Aansoekers wat op die kortlys geplaas word, sal genooi word vir 'n onderhoud en moet ook gereed wees om 'n proefspel te lewer. Die gekose kandidaat moet so spoedig moontlik diens aanvaar. Navrae kan gerig word aan ds Kobus Pienaar by 083 459 0471.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Moinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke aan ds Neels van Tonder by nvtonder@vodamail.co.za, of kontak hom by 072 633 3367.
- **Preekbeurte in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by nhkdullstroom@yahoo.com of 072 116 3353.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Bosmansrust: Sondag 23 September om 11:00**
Dankfees en Nagmaal
Viering van 125ste bestaansjaar van gemeente
100-jaar-viering van kerkgebou
Alle oudpredikante en vorige lidmate welkom
Ete na die diens
Antwoord asseblief voor 1 Augustus
Kontak Piet Marx by 082 708 6761 of pamarx@lantic.net

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 13 Julie, en word hartlik geluk gewens.**
 - Donderdag 5 Julie: Prop Carusta van der Merwe (beroepafwagend)
 - Saterdag 7 Julie: Ds Marna Naudé (Swartkop)
 - Sondag 8 Julie: Ds Geo Smit (Potchefstroom-Suid)
 - Dinsdag 10 Julie: Dr Daan van Wyk jr (Wolmaransstad)
 - Woensdag 11 Julie: Ds Theuns Botha (Zimbabwe)
 - Donderdag 12 Julie: Di Anna-Marie Kloppers (Krugersdorp-Oos), Lewis Strauss (Bloemfontein-Wes) en prof Jimmie Loader (buiteland)
 - Vrydag 13 Julie: Ds Jakkie Jacobs (emeritus)

Beplande vergaderings

- Saterdag 7 Julie: AIM VTT
- Dinsdag 10 Julie: Welstandsprogram
- Ons vra groot verskoning vir die foutiewe inligting by 1 Julie se verjaardae (in verlede week se uitgawe). Dit is **ds Willie Botha** van Lydenburg wat verjaar het, en nie ds Willie Barnard nie.

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Pretoria-Oos Damesbediening: Toerusting**
Kniel deur jou krisis
Saterdag 28 Julie om 09:00
Kerkgebou, Delyweg 100, Waterkloofpark



Spreker dr Eugene Kemp
R20 per persoon
Bespreek teen 20 Julie by:
Gemeentekantoor 012 460 8441
Gerda van der Merwe gerdavdm2@gmail.com
Elsa Geldenhuys elsageldenhuys@gmail.com

- **Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA)**
Diploma in Himnologie 2012-2013
Let op veranderde datum vir eerste byeenkoms: 15 September 2012
Kursusfooi R800 per persoon per jaar
Skakel met dr Elsabé Kloppers by iksa@absamail.co.za of 012 429 6589 (k)

Konserte en feeste

- **Saterdag 21 Julie om 19:00: Ring van Laeveld en SAKOV: Orreluitvoering**
NG Kerk Wolkberg, Tzaneen
Bekende orrelis Zorada Temmingh
Kaartjies by deur, R50 volwassenes, R20 hoërskoolkinders
Laer- en voorskoolkinders gratis
Skakel 072 144 7514
Program van Zorada: *The Phantom of the Opera*
Haar derde geïmproviseerde orrelklankbaan vir 'n stomfilm
en 'n musikale kragtoer
Terwyl gehoor na oorspronklike stomfilm (1925) kyk,
skep sy 'n klankbaan gebaseer op bekende operamusiek
- **Donderdag 9 Augustus: NHSV Hartbeesfontein: Damesoggend**
NG Kerksaal Hartbeesfontein 10:00 vir 10:30
Hernu jou lewe, gees, styl en uitkyk
Inspirerende nuwe idees, pitkos en 'n vars nuwe styl – spesiaal vir jou!
Saam met Henre Botha (Gospelsanger) & Augus & Ronel
Aandrokke word gemodelleer, stalletjies & ligte ete
R100 per persoon
Kontak Carina by 082 564 1424 of Lizbe by 082 878 6643
- **Saterdag 18 Augustus: NHSV Leeudoringstad: Oggendtee met 'n verskil**
Smaaklike sjampanje-ontbyt
Tema: *Titanic*
Kontak Corrie Marais by 082 374 6026 of corriem@suidwes.co.za

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
Egipte, Israel en Jordanië
4-18 Desember 2012
Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
of hannes@pretoriaoos.com vir meer inligting

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Port Shepstone: Prawnfees**
Vrydag 6 Julie om 18:00
Scottstraat 3
Kaartjies @ R150, kinders onder 12 halfprys
Eet soveel jy kan!
Driegang maaltyd, spitbraai as alternatief
Kontantkroeg
Kontak Adri by 082 572 4280 of Petro by 084 951 8961



- **Gemeente Losberg in Fochville: Biltongaand Vrydag 20 Julie**
Besighede kan tafel met 10 sitplekke bespreek vir R3 200
Gaskunstenaar Thys die Bosveldklong
Verskeidenheid biltonge, cabanossies, chilli bites, kaassoorte, brode, konfyte
Veiling sal gehou word
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617
Bespreek vroegtydig!
- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie Sluitingsdatum: 29 Julie 2012**
Kaartjies R100 donasie
1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
Geweerjag kan gereël word
of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
Pryse verval op 30 September 2012
Kontak Adri Nel by 084 200 1027
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting
- **Gemeente Leeudoringstad: Kompetisie om Doringfees bekend te stel**
Pakkette beskikbaar, ook aan gemeentes
R1 000: Boekies ter waarde van R10 000
(gemeente kan dus R9 000 wins maak)
R2 500: 50 boekies ter waarde van R25 000 (wins R22 500)
R5 000: 100 boekies ter waarde van R50 000 (wins R45 000)
Kaartjies slegs R50 elk – en 11de kaartjie in die boekie is gratis
Trekking Saterdag 29 September om 12:45
Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

RUIM, NETJIES VERSORGDE WOONHUIS TE KOOP

Garsfontein X1, Pretoria-Oos

4 slaapkamers; 3 badkamers; 2 TV-kamers
Sitkamer; eetkamer; kombuis; studeerkamer
Bediendekamer
Woonstelmoontlikhede
Dubbel-motorhuis en motorafdak
Goed versorgde tuin met mooi kuierareas
Alarmstelsel; 5 beams; palisade

Prys: R1,3 miljoen

Kontak Esmé Bolton by 082 447 8767



Basaars en markte

- **Saterdag 29 September om 09:00: Gemeente Leeudoringstad Doringfees**
Gaskunstenaar Sorina die Flooze
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 581 2055
of nhkleutjies@nwet.co.za

ANDER NUUS

- **Mev Annelie Short** van die Ouditafdeling by die Sinodale Kerkkantoor het onlangs haar BCom-graad met spesialisering in Interne Oudit aan Unisa verwerf. Baie geluk, Annelie!





- **Mej Nicol Muller** van die Ouditafdeling by die Sinodale Kerkkantoor het pas verloof geraak aan Hannes van Wyk. Baie geluk aan die paartjie!

- **VAKATURE: PLEEGOUERS IN DPS-HUIS RUSTENBURG**

Diansaanvaarding gedurende derde kwartaal van 2012

Aansoeke sluit 8 Julie

Die vereistes is onder andere:

- Getroude egpaar
- Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud
- Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk
- Goeie gesondheid
- Aanvoeling vir kinders

Benewens maandelikse kontantvergoeding ook gratis inwoning in die DPS-huis

Kontak die volgende persone vir meer inligting:

Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 of 079 495 2007 of kinderhuise@nhk.co.za

Ds Johan van Wyk: 014 592 1779 of 082 577 4091 of vanwyka@mweb.co.za

- **VAKATURE: KONTRAKAANSTELLING (1 JAAR) VIR REKENMEESTER**

Sinodale Kerkkantoor, Hervormde Kerk

Minimum vereistes:

- BCom of gelykwaardige kwalifikasie
- 3-5 jaar toepaslike ervaring
- Rekenaarvaardigheid in Microsoft Office-pakket en Pastel
- Vaardigheid met *rekeningkundige* uitset wat ontwikkeling en interpretasie van bestuursinligting insluit
- Uitstekende kommunikasievaardighede in verskeidenheid situasies en voorleggings
- Geldige rybewys
- Gebruikersvaardigheid in ACCPAC sal aansoek ondersteun

Dit word van die kandidaat verwag om as spanlid te funksioneer en, in die besonder, binne die etos van die Hervormde Kerk tuis te voel

Sluitingsdatum is 20 Julie en aansoeke moet met volledige CV gerig word aan:

Mev Susan Moore

Afdeling Mannekrag

Posbus 2368

Pretoria 0001

mannekrag@nhk.co.za

012 322 8885 x252

Faks 012 322 7909

- **Die Ondersteuningsraad (OSR)** bied vanjaar weer vir minderbevoorregte tieners 'n kamp aan te Mooikrans Equus in Amersfoort. Die kamp sal hierdie keer langer wees (Sondagoggend 30 September tot Vrydagmiddag 5 Oktober 2012), weens die intensiewe program wat vir die kinders aangebied gaan word. Die koste beloop **R850 per kind** wat die busvervoer, etes, aanbieding van die program, gebruik van toerusting, ensovoorts, insluit. Die kinders word onder andere geleer om perd te ry en perde te versorg, wat op sigself 'n terapeutiese doel vir gebroke kinders het. Aangesien hulle nie vir hulself kan betaal nie, word fondse benodig om die kinders te borg. Persone wat 'n **kind wil borg of 'n donasie wil maak**, moet asseblief vir Suzanne van Deventer van die Pretoriakantoor by 012 325 2320 of oraad@telkomsa.net kontak om die nodige reëlings te tref. Die bankbesonderhede is soos volg:





Die Ondersteuningsraad
ABSA
Tjekrekening
Rekeningnommer: 000602795
Takkode: 323 345
Beskrywing: Kampfonds

- **Beeld-Kinderfonds 2012**

Die kompetisie deur Beeld-Kinderfonds om fondse vir die versorging van kinders in te samel, het op 15 Junie afgeskop. Die **kaartjies beloop R25** elk, waarvan R12,50 aan elke deelnemende welsynsorganisasie terugbetaal word. Onder andere 'n Peugeot 107, 'n seereis op MSC Sinfonia, 'n vakansie by Go Wild Resorts asook R50 000 in kontantpryse kan gewen word. Kaartjies is beskikbaar by **die Ondersteuningsraad** se kantore asook by hul hoofkantoor en die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria. Kontak Ansie Cromhout of Susan Moore by 012 322 8885.

- **Loslitdag Vrydag 7 September**

Ondersteun persone met gestremdhede

Projek word geadmistreer deur Nasionale Raad vir Persone met Liggaamlike Gestremdheid in SA

Ondersteun vanjaar die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)

Koop jou plakker @ R10

Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 of toibo@nhk.co.za

en bestel jou plakkers

Borgliggaam vir: Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes, Prinshofskool vir Gesiggestremdes, Sonitusskool vir Gehoorgestremdes, Transoranje-skool vir Dowes en

Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid

Koop jou plakker vandag nog en wys

jy gee om vir 'n kind met 'n gestremdheid

- **NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING**

15 tot 17 Augustus 2012 (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)

Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer

Kontak ds HH van Alten by hhvanalten@vgkmaranata.org.za

of 012 332 3256 indien u wil bywoon

- **Die Bybel op jou selfoon**

Gratis volledige Bybel vir jou selfoon

Nie eens 'n slimfoon nodig nie!

Net Java-geaktiveerde foon nodig

Gaan na m.bibles.co.za op jou selfoon

- **Die Bybel: 'n Direkte vertaling (BDV)**

Vertaling vorder goed

Verskeie Bybelboeke beskikbaar vir kommentaar

Gaan na www.nuwekerkbybel.co.za

- **Bybelgenootskap: Gholfdag**

Dinsdag 9 Oktober: Gelyktydige begin 11:00

Serengeti-gholfklub

Betterball Stableford

R3 000 per 4-bal (sluit aandete in)

Kontak Jenene Bernhardt by 011 552 7208

of jenene@serengeti.co.za

Loslit Dag
Vir persone met gestremdhede



- **ADVERTENSIES** waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. **GEEN** advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).**

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na www.nhka.org → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“My vader, ds WP van der Merwe, het altyd gesê 'n mens hou politiek uit die kerk uit. Elkeen het sy eie oortuiging dat hy self polities korrek is. Gaan jou politiek jou in die hemel bring, of jou diens aan God? Praat die Bybel nie van eensgesindheid onder mekaar nie? Ek stem saam met Rudi Janse van Rensburg. Kom ons kyk dat ons jeug tuis voel in die kerk van God en vergeet van onbenullighede! Ekself is 'n konserwatiewe Hervormer, maar sal altyd probeer saamwerk ter wille van die uitdra van die evangelie na ons jeug.”

M van der Merwe

Agterblad



Bybelse Dagboek / Almanak 2012

Nou slegs R60

Bestel by sentik@nhk.co.za of by u gemeentelike kantoor

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx

Ervaar u teenstand
teen u besluit
om lid van die
NHKA te bly?

Stuur u naam,
gemeente, e-posadres
en kontaknommer na
die SMS-hulplyn
074 406 6303